



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**BESIGHEIDSTUDIES
FEBRUARIE/MAART 2010**

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.

AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat verlang word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoedeling wanneer vrae beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Meervoudigekeuse-vrae, pasitens VERPLIGTEND	1	40	30 min.
B: DRIE direkte vrae VERPLIGTEND	2	60	30 min.
	3	60	30 min.
	4	60	30 min.
C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.	5	40	30 min.
	6	40	30 min.
	7	40	30 min.
	8	40	30 min.
TOTAAL		300	180 min.

7. Begin die antwoord vir elke vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.15) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.16 B.

1.1.1 Vryheid van spraak, assosiasie en sekuriteit staan algemeen bekend as basiese ...

- A menslike geregtigheid.
- B menslike beginsels.
- C menseregte.
- D regte beginsels.

1.1.2 'n Besigheid wat meer as 50 werkers in diens het en 'n omset van R10 miljoen het, moet hierdie dokument een keer elke twee jaar by die Departement van Arbeid indien:

- A Gelykheidsplan
- B Bemarkingstrategie
- C Besigheidsplan
- D Gedragskode

1.1.3 'n Televisiestel is in 'n meubelwinkel teen R17 999 gemerk. Hierdie prys verwys na die ... -waarde van die televisiestel.

- A boek
- B oordrag
- C rak
- D mark

1.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voorbeeld van industriële aksie nie?

- A Uitsluiting
- B Kollektiewe bedinging
- C Stakings
- D Sloerstakings

1.1.5 Hierdie stap verbind die regte persoon met die posbeskrywing:

- A Werwing
- B Onderhoud
- C Seleksie
- D Psigometriese toets

- 1.1.6 Wetgewing maak voorsiening vir hierdie verpligte aftrekking van 'n werknemer se salaris:
- A Personeel se sosialeklubfooï
 - B Inkomstebelasting
 - C Vakunïe-ledegeld
 - D Versekering
- 1.1.7 Zapiro koop 1 000 aandele teen R5 elk. Die opbrengs wat hy uit hierdie belegging ontvang, is in die vorm van ...
- A rente.
 - B dividende.
 - C premies.
 - D effektrusts.
- 1.1.8 Hierdie vorme van eienaarskap het NIE afsonderlike regs persoonlikhede nie en die eienaars is verantwoordelik vir die skulde van die besigheid:
- A Beslote korporasie en vennootskap
 - B Alleeneienaarskap en privaat maatskappy
 - C Vennootskap en alleeneienaarskap
 - D Publieke maatskappy en beslote korporasie
- 1.1.9 Markpenetrasie kom voor wanneer kleinhandelaars ...
- A die bestaande produk in nuwe gebiede bemark.
 - B die bestaande produk in afgeleë, landelike gebiede bemark.
 - C produkte teen dieselfde prys as mededingers koop.
 - D produkte teen laer pryse verkoop om kopers te lok.
- 1.1.10 Die kragveldtegniek ('force-field technique') is 'n voorbeeld van ...
- A 'n program vir gemeenskapsverantwoordelikheid.
 - B 'n induksieprogram.
 - C kreatiewe denke om besigheidsprobleme op te los.
 - D e-handel.
- 1.1.11 Uitdiensstelling van werknemers mag gebruik word as 'n besigheidstrategie. Dit is 'n voorbeeld van 'n ... strategie.
- A integrasie-
 - B intensiewe
 - C diversifikasie-
 - D defensiewe

- 1.1.12 'n Hoof by 'n skool wat onderwysers instruksies gee sonder om insette van hulle te aanvaar, illustreer die ... bestuurstyl.
- A deelnemende
 - B outokratiese
 - C vryebesluitneming-
 - D charismatiese
- 1.1.13 'n Besigheidsfunksie wat verantwoordelik is vir die omskepping van grondstowwe in eindprodukte:
- A Produksie
 - B Bemaking
 - C Menslike hulpbronne
 - D Openbare verhoudinge
- 1.1.14 'n Potensiële werknemer is amptelik op die betaalstaat van 'n besigheid sodra die persoon ...
- A die dienskontrak teken.
 - B op die kortlys verskyn.
 - C 'n onderhoud bygewoon het.
 - D die mediese toets geslaag het.
- 1.1.15 Hierdie besigheidsonderneming kan op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs gelys word:
- A Kerushan en Saylin Loodgieters BK
 - B Sparks Sport Bpk.
 - C Robin en Seuns
 - D Nozintombi (Edms.) Bpk.
- (15 x 2) (30)

- 1.2 Kies 'n begrip uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Identifiseer geskikte persone in die maatskappy vir bevordering	A arbitrasie B berei die stigtingsverklaring voor
1.2.2 Voorsien finansiële sekuriteit vir die belegger met bereiking van pensioengeregtige ouderdom	C korporatiewe maatskaplike investering D Werkloosheidsversekeringsfonds
1.2.3 Onderhandeling tussen arbeid en bestuur om 'n ooreenkoms ten opsigte van salarisaangeleenthede te bereik	E berei die akte van oprigting voor F interne werwing G aftree-annuïteit
1.2.4 Beslote korporasie	H kollektiewe bedinging
1.2.5 Besigheid wat projekte vir gemeenskapsontwikkeling befonds	

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B (VERPLIGTEND)**VRAAG 2**

2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ARBEIDSAKE – DWELMS EN DWELMMISBRUIK

Die bestuur van Laduma Bpk. was agterdogtig oor die gedrag van sekere fabriekswerkers wat vermoedelik onder die invloed van óf dwelms óf alkohol was.

Gedurende die afgelope sewe maande is drie werknemers, wat na bewering dwelms aan diens gebruik het, onmiddellik deur die bestuur ontslaan. Dit was kommerwekkend omdat dit gelei het tot ernstige konflik tussen die bestuur en werknemers in die werkplek, laer produktiwiteit en lae moraal onder die werksmag.

Die drie afgedankte werkers het geskrewe verklarings by die unie ingedien, waarin hulle beweer dat hulle nie dwelms gebruik het terwyl hulle aan diens was nie.

Die maatskappy het deur die werkplekforum met die unie vergader en is versoek om die drie werknemers weer in diens te neem. Laduma Bpk. het geen amptelike beleid gehad nie, 'n formele dissiplinêre verhoor rakende hulle afdanking is nie gehou nie en daar is geen bewyse deur die maatskappy as redes vir hul afdanking voorsien nie.

- 2.1.1 Noem enige TWEE oorsake van konflik vanuit die gevallestudie hierbo. (4)
- 2.1.2 Noem VYF stappe wat die bestuur behoort te neem wanneer konflik in die werkplek opgelos word. (10)
- 2.1.3 Beskryf die funksies van die werkplekforum by Laduma Bpk. (10)
- 2.1.4 Noem in breë trekke maniere wat Laduma Bpk. kon gebruik het om die konflik wat tussen personeel en die bestuur ontstaan het, as gevolg van die afdanking, te vermy. (10)
- 2.2 Onderskei tussen *laissez-faire-bestuur* en *demokratiese bestuur*. Watter styl sou jy verkies? Motiveer jou antwoord. (10)
- 2.3 Basil investeer R10 000 van sy jaarlikse bonus in 'n vastedepositorekening by Standard Bank en verdien 'n rentekoers van 12% p.j.
- 2.3.1 Gebruik die enkelvoudigerente-metode om die opbrengs te bereken wat Basil oor 'n periode van 12 maande verdien. (4)
- 2.3.2 Gee TWEE redes waarom Basil se belegging in 'n vastedeposito-rekening goed is. (4)

- 2.4 Die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005) beskerm beide die kredietvoorsiener en die verbruiker.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord.

(8)
[60]

VRAAG 3

- 3.1 Hieronder is 'n lys van aanbevole aksieplanne vir maatskappye wat swak presteer.

- (a) Hersien tegnologie deur nuwe produkontwikkeling na te vors.
- (b) Onderzoek die aankoop van bates, aangesien pryse in baie gevalle aanloklik sal wees.
- (c) Implementeer aggressiewe mededingende strategieë om markaandeel te wen.

Identifiseer die besigheidsomgewing wat by elke aksieplan hierbo betrokke is. Skryf slegs die besigheidsomgewing langs die letter (a – c) neer, byvoorbeeld (d) mikro-omgewing.

(12)

- 3.2 Identifiseer die tipe integrasiestrategie wat in elk van die onderstaande voorbeelde gebruik word.

3.2.1 'n Selfoonwinkel koop 'n ander selfoonwinkel in die dorp Umhlanga.

(2)

3.2.2 'n Groenteboer koop 'n plaasstalletjie in die naburige dorp.

(2)

3.2.3 'n Voertuigmonteringsaanleg in Port Elizabeth het die fabriek in King William's Town wat bakwerkpaneel voorsien vir die motors wat gemonteer word, oorgeneem.

(2)

- 3.3 Die volgende vrae is gebaseer op Swart Ekonomiese Bemagtiging:

3.3.1 Noem DRIE voordele van Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB).

(6)

3.3.2 Is die implementering van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003) suksesvol? Regverdig jou antwoord.

(4)

3.4 Richardsbaai Minerale is 'n mynmaatskappy geleë in Richardsbaai. Verduidelik hoe die maatskappy die volgende uitdagings waarmee die plaaslike gemeenskap te doen het, kan verbeter. Gebruik voorbeelde om jou antwoord te motiveer.

3.4.1 Swak onderwysfasiliteite (4)

3.4.2 Hoë misdaadkoers (4)

3.4.3 Beperkte behuisinginfrastruktuur (4)


3.5 Ekonomie beskryf die Johannesburgse Sekuriteitebeurs as die 'hartklop' van Suid-Afrika se ekonomie.

3.5.1 Noem enige VIER funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSB). (8)

3.5.2 Veronderstel jy kry R200 sakgeld per maand en jy wil die meeste daarvan in die JSB belê.

Stel TWEE maniere voor waarop hierdie belegging gedoen kan word. (4)

3.6 Die grafiek hieronder verteenwoordig die inkomste uit die verkope van worsbroodjies by Diepkloof Sekondêre Skool gedurende die vier skoolkwartale van 2009.



3.6.1 Identifiseer die tipe grafiek wat hierbo aangetoon word. (2)

- 3.6.2 (a) In watter kwartaal is die laagste verkope van worsbroodjies aangeteken? (2)
- (b) Gee EEN moontlike rede waarom die laagste verkope gedurende hierdie kwartaal aangeteken is. (2)
- (c) Beveel EEN strategie aan wat Diepkloof Sekondêre Skool kan gebruik om die swak prestasie ten opsigte van verkope in die kwartaal geïdentifiseer in VRAAG 3.6.2(a) te verbeter. (2)
- [60]**

VRAAG 4

- 4.1 Beskryf VIER voordele van die implementering van goeie gehaltebeheer-maatreëls in 'n besigheidsonderneming. (8)
- 4.2 Noem enige VYF faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n besigheidsberoep ondersoek word. (10)
- 4.3 Verduidelik die VIER hoofstappe wat maatskappye moet neem wanneer grieweprosedures hanteer word. (12)
- 4.4 Bespreek hoe 'n besigheidsonderneming menseregte, inklusiwiteit en omgewingsaangeleenthede in die werkplek moet aanspreek. (12)
- 4.5 Beskryf die bemarkingsfunksie en verduidelik hoe die kwaliteit van sy werkverrigting die sukses van 'n besigheidsonderneming kan beïnvloed. (10)
- 4.6 Baie besighede maak staat op spanwerk omdat dit die gewenste resultate lewer. Stem jy saam met hierdie stelling, of nie? Regverdig jou antwoord. (8)
- [60]**

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5**MANDLA SE SPORTWINKEL**

Mandla se Sportwinkel is in Polokwane, een van die gasheerstede vir die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi, geleë. Die winkel spesialiseer in die vervaardiging en verkoop van sportklere.

Mandla het 'n Baccalaureusgraad in Besigheidsbestuur en het wye ervaring op die gebied van sportdragbesigheid.

As gevolg van toenemende kompetisie wil hy diversifiseer deur aandenkings en sokkerballe vir die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi te vervaardig en verkoop.

Die volgende is 'n paar van die uitdagings en sterktes van sy besigheidsbedrywighede: Lae werkermoreel, hoë afwesigheid, hoogs geskoolde werkers, 'n gebrek aan motivering, swak spangees, gebrek aan kommunikasie tussen die bestuur en werkers, moderne masjinerie en hoë werkeromset.

Mandla voorspel dat hy 'n groot wins gaan maak, maar is bevrees dat spandabelrige uitgawes sulke winste kan verminder. Moontlike redes hiervoor sluit in, onder andere, mededingers wat ingevoerde produkte teen goedkoper pryse kan verkoop, eise van vakunies en die verlies van geskoolde werkers na mededingers.

Mandla het 'n visie om sy besigheid as 'n franchise-onderneming te registreer, wat aan ander potensiële entrepreneurs verkoop kan word.

Daar word van jou verwag om 'n volledige SWOT-analise vir Mandla se Sportwinkel voor te berei. Formuleer strategieë om die uitdagings te oorkom en noem hoe die strategieë geëvalueer kan word.

[40]**VRAAG 6**

Daar is geen towerformule vir entrepreneurskap nie. Alhoewel daar baie verskillende en suksesvolle benaderings tot besigheidsukses is, is dit die krag van goeie entrepreneurskwaliteite wat uiteindelik die vlak van werkverrigting sal bepaal wat die besigheidsonderneming sal bereik.

Verduidelik enige VYF entrepreneurskwaliteite van 'n suksesvolle besigheidsonderneming. Bespreek hoe sleutelsuksesfaktore, soos volhoubaarheid, winsgewendheid en die kliëntebasis, die algehele prestasie van enige besigheidsonderneming kan beïnvloed.

[40]

VRAAG 7

Werknemers is nie in staat om die doelwitte van 'n besigheid te lewer en te bereik as hulle voel dat die bestuur nie hul welstand ondersteun nie.

Evalueer die bogenoemde stelling en bespreek volledig hoe jy, as 'n werkgewer, tot die bevordering van die welstand van werknemers kan bydra. Gebruik voorbeelde om jou antwoord toe te lig.

[40]**VRAAG 8**

In 1994 is die nuwe demokratiese regering verkies. Een van die hoofdoelwitte van die nuwe regering was om onbillike arbeidspraktyke van die verlede aan te spreek.

Bespreek die aard en doel van die DRIE wetgewings wat hieronder aangedui word. Regverdig die impak van hierdie Wette op die suksesvolle werkverrigting van besigheidsondernemings.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

[40]**TOTAAL AFDELING C: 80****GROOTTOTAAL: 300**